Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2022-04-07

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN APRIL 2022

WELKOM TERUG - MNR GERICKE

Welkom terug by die skool. Ons vertrou dat u 'n aangename vakansie saam met u kinders geniet het. Ons kinders en personeel is reeds hard aan die werk en ouers hardloop reeds rond om almal oral betyds te kry.

Dankie weereens vir die ondersteuning wat u aan ons skool gaan gee in hierdie kwartaal. Mag die skool ook dan sover moontlik aan almal se verwagtings en eise voldoen.

NB! - Addisionele vakansiedae-2de kwartaal

15 April	-	Goeie Vrydag
18 April	-	Gesinsdag
27 April	-	Vryheidsdag
1 Mei	-	Werkersdag
2 Mei	-	Publieke vakansiedag
16 Junie	-	Jeugdag
17 Junie	-	Skoolvakansiedag

NB! Neem asb. kennis dat die voorafgaande dag 'n normale skooldag sal wees en dat die skool op die normale tyd sal verdag.

RAPPORTE EN OUERAAND - MNR DENNER

Leerlinge het reeds vandag hul rapporte ontvang. Oueraand vir die Gr 4 - 7 leerlinge sal plaasvind in 'n graadgesprek fomaat en slegs die nodige ouers sal gekontak word om afsprake te reël.

NASKOOLSENTRUM - ME Mc KENZIE

Die naskoolsentrum is reeds aan die gang en funksioneer normaal tot 17:30. Maak asb. seker dat u leerlinge betyds kom afhaal. Neem asb. kennis van die volgende:

Die naskoolsentrum is gesluit op die volgende vakansiedae:

15 April	-	Goeie Vrydag
18 April	-	Gesinsdag
27 April	-	Vryheidsdag
1 Mei	-	Werkersdag
2 Mei	-	Publieke vakansiedag
16 Junie	-	Jeugdag
17 Junie	-	Skoolvakansiedag

SKOOLGELDE VIR 2022 - MNR GERICKE

SKOOLGELDBETALING 2022				
	ITEM	**BEDRAG PER MAAND**	**TYDPERK**	**BEDRAG VIR 2022**
1	**Skoolgeld vir enkelkind**	1512	**12 Maande**	**18144**
2	**Skoolgeld vir tweede kind**	1512 (3024)	**12 Maande**	**18144**
3	**Skoolgeld vir derde kind**	606 (3630)	**12 Maande**	**7272**
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. April se skoolgeld is reeds betaalbaar.				
4	**Naskoolgeld vir 'n enkelkind**	**1100**	**11 Maande**	**12100**
5	**Naskoolgeld vir tweede kind**	**1100 (2200)**	**11 Maande**	**12100**
6	**Naskoolgeld vir derde kind**	**1100 (3300)**	**11 Maande**	**12100**
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. April se geld is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
7	**Kleuterskool skoolgeld vir elke kind**	**1638**	**12 Maande**	**19656**
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. April se geld is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat alreeds agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde was reeds betaalbaar.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360

Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer.

ABBA OUERS:

Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer! Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! ***Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.***

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

COVID -19 VERANDERINGE – MNR DENNER

Laerskool Elspark gaan nog steeds in die oggend elke leerder saniteer wat deur die skoolhek beweeg. Dieselfde proses sal gevolg word voordat die leerders die klaslokaal betree en na elke pouse.

Die dra van maskers tydens klastyd in die klaskamer bly verpligtend. Dieselfde reël geld ook tydens saalopeninge. Tydens pouses en wanneer die leerders buite beweeg is dit nie verpligtend nie.

Covid-19 en afwesighede

1. Leerders wat positief toets vir Covid-19 moet tuis isoleer vir 5 dae vanaf die dag wat die toets gedoen was.
2. Leerders wat in aanraking was met Covid-19 positiewe gevalle en geen simptome toon nie moet by die skool wees. Slegs wanneer die leerder simptome toon moet hy/sy gaan toets en daarna isoleer.

PRODUKSIE 2000 – ME MITTON

Datum : Vrydag 13 Mei 2022
Koste: R20 per leerling (Betaal by klasvoog)
Plek: Skoolsaal

"Die Dag toe Tyd Stilgestaan het" / "The Day Time Stood Still": Hierdie produksie is baie terapeuties. Die engelse woord "it's healing" beskryf wat ons aanbied die beste. Dit plaas die afgelope twee jaar in perspektief en wys duidelik wat ons uit die pandemie leer.

Vol humor (maar nie onsensitief nie) en word deur beide leerders en opvoeders geniet. 'n Boelie dra die storielyn en stresontladings tegnieke word vir die gehoor gedemonstreer. Hierdie produksie is goud werd.

DAPPER NAGSTAPPER – ME ELSA VAN STADEN

Dapper Nagstapper onder die sterre!!!

Datum: 26 April 2022
Tyd: 18:00 tot 21:00

Volledige skrywe en borgvorms is reeds gestuur. Kom ondersteun asb. ons leerlinge en wees deel van die opwindende aand.

KUNSWEDSTRYD – ME MITTON

Aandag alle Kultuurliefhebbers!

Crescendo kunswedstryd vind plaas op Maandag 25 April te Laerskool Elspark. Programme sal binnekort deur organiseerders uitgestuur word.

Toeskouers betaal R10 ingangsfooi, deelnemers gratis toegang. Snoepie sal oop wees vir peuselhappies. Parkering op rugbyveld. Kunswedstryd sal plaasvind in mediasentrum en saal. Baie sterkte aan alle deelnemers.

Vir meer inligting of enige navrae kontak gerus organiseerder: Mev. Booyens - 082 301 6484 of Tracey-Lee Booyens – 076 330 8580 (E-pos: crescendoartfestival@gmail.com)

NETBAL - ME S DU TOIT

Netbaloefening Maandae tot Donderdae 13:45 – 15:00.
Onthou jou tekkies en water.

Baie geluk aan Leonie Pofaan wat deur is na die 1ste rondte Gauteng proewe.

Wedstryd datums

- Liga Delville Weg 21 April A,B
- Liga Generaal Alberts Tuis 28 April A,B
- Liga Van Dyk Tuis 5 Mei A,B
- Liga President Steyn Weg 19 Mei A,B
- Uitspele 23 Mei

Baie dankie aan elke netbal dogter wat die kliniek bygewoon het in die vakansie. Onthou asb. om alle uitstaande gelde ten volle te vereffen .

C-SPAN NETBAL - ME M BOTHA

Wedstryd datums:

- 12 April vs L/s Martin **(tuis)**
- 19 April vs Goudrand **(weg)**
- 21 April vs Witdeep **(tuis)**
- 26 April vs L/s Witfield **(weg)**
- 28 April vs Curro Helderwyk **(weg)**
- 3 Mei vs L/s Freeway Park **(tuis)**
- 5 Mei vs L/s Parkrand **(weg)**
- 10 Mei vs L/s Parkedene **(tuis)**
- 12 Mei vs L/s Goudrand **(weg)**
- 17 Mei vs Curro Parkdene **(tuis)**

Maak asseblief seker dat dogters gepaste oefenklere, tekkies en water inpak vir die oefening. Sien julle by die oefening!

RUGBY - MNR SERFONTEIN

Rugby oefen elke middag 13:30 tot 15:00.

Wedstrydbepalings vir die res van die kwartaal:

Woensdag, 13 April	Laerskool Oosterkruin	(tuis)
Woensdag, 20 April	Rynfield Primary	(weg)
Maandag, 25 April	Laerskool Die Arend	(weg)
Woensdag, 4 Mei	Laerskool Northmead	(tuis)
Woensdag, 11 Mei	Laerskool Concordia	(weg)
Woensdag, 18 Mei	Laerskool Edleen	(weg)
Woendsdag, 25 Mei	Aston Manor Primary	(tuis)
Woensdag, 1 Junie	Laerskool Delmas	(tuis)

SKAAK - ME FANOE

Welkom terug by die skaakspan. Oefening vind weer plaas vanaf die 12de April.

- Dinsdae - Graad 1 en 2 (13:30 tot 14:15)

- Woensdae - Graad 3 en 4 (13:30 tot 14:15)
- Donderdae - Graad 5,6 en 7 (13:30 tot 14:15)

Leerders word vergesel tot by hek 3 (rolhek). Voorlopige toernooi datums sal deurgegee word.

Hoop ons sien julle daar !

BOOGSKIET - ME JACOBS

Intreekursus

Datum:	9 April vanaf 08:00 tot 11:00
Wie:	Gr 3 tot Gr 7 leerlinge
Waar:	Hoërskool Elspark ou skietbaan
Koste:	Betaal R20 voor of op 8 April by Me Marna Jacobs (sit geld in 'n koevert met kind se naam, graad en ouers se kontakbesonderhede asb.)

Kompetisie datums:

23 April	Hoërskool Riebeekrand Randfontein (R60) Sluitingsdatum: 18 April
30 April	Lotus School Nog nie bekend waar nie (R60) Sluitingsdatum: 25 April
7 Mei	NASP 3D Nog nie bekend waar nie (R70) Sluitingsdatum: 3 Mei
14 Mei	Laerskool Randfontein Randfontein (R60) Sluitingsdatum: 9 Mei
21 Mei	Laerskool Elspark Elspark (R60) Sluitingsdatum: 16 Mei
28 Mei	Laerskool Jan Viljoen Randfontein (R60) Sluitingsdatum: 23 Mei

11 Junie	Hoërskool Riebeekrand Randfontein (R60) Sluitingsdatum: 6 Junie
9 Julie	Al-aqsa School Lenasia (R60) Sluitingsdatum: 4 Julie

COMMUNICATOR/FACEBOOK - ME S DU TOIT

Wil jy deel wees van ons Facebook gemeenskap? Ons deel inligting, prestasies en sommer net lekker wenke. U kan ons vind op Facebook - ***Elspark Elsie.***
Die communicator hou u op hoogte van gebeure by u kind se skool.

Gaan laai die D6 Communicator af op u rekenaar/ slimfoon vanaf playstore of gebruik die volgende skakel:

http://www.school-communicator.com/

MY SCHOOL - ME BOTHA

Ons doen 'n beroep op u as ouers om asb. so gou moontlik te registreer vir 'n "My School" kaart. Elke aankope wat u doen kwalifiseer die skool vir n persentasie van die bedrag asook maandelikse pryse wat u kan wen. U ondersteuning sal opreg waardeer word.

Die aansoekvorm vir 'n MySchool kaart is beskikbaar op die communicator. Ondersteun asb. Laerskool Elspark op die manier.

Die kaart kan gebruik word by: Woolworths, Engen QuickShop, Waltons, Loot.co.za, Flight Centre, Worksheet Cloud, Power24.co.za, Wimpy Carnival Mall, Mugg & Bean Carnival Mall en Mugg & Bean Springs Mall.

GROENPROJEK - ME BOTHA

Tydens die inhandiging van cartridges moet daar 'n aanduiding gegee word oor hoeveel cartridges in die sak is deur jou Naam, Van en die aantal cartridges op 'n papier te skryf en aan die sak vas te heg asb.

Leerders moet asb. hulle spogkaarte saam bring wanneer cartridges ingehandig word, sodat punte aangeteken kan word. Indien leerders nie hulle spogkaarte saam bring nie, gaan geen punte aangeteken kan word nie.

Indien u enige navrae het kan u Me Botha kontak per epos - monya@elsies.co.za

OPVOEDING - ME GROBLER

Gesonde higiëne is 'n belangrike aspek van u kind se ontwikkeling. Leer u kind om die 5 punt higiëne plan te volg.

1. Bad/Stort daagliks – gebruik seep
2. Was en versorg jou hare goed. Sorg dat hare netjies volgens skoolreëls gesny (seuns) en vasgemaak (dogters) is.
3. Knip jou naels en hou dit skoon. Moenie jou naels byt nie. Leer u kind om hande te was na toilet gebruik en voor etes.
4. Trek skoon onderklere en klere aan. Leerlinge moet van Gr 3 af reeds aangemoedig word om deodorant of anti-perspirant te gebruik.
5. Borsel jou tande. Neem u kind vir gereelde tandarts ondersoeke.

Onthou 'n higiëniese kind is 'n
GESONDE kind. 'n GESONDE kind is 'n
GELUKKIGE kind!

DISSIPLINE - MNR MULLER

1. Sê "asseblief" wanneer jy iets vra.
2. Sê "dankie" wanneer jy iets kry.
3. Moenie grootmense in die rede val nie.
4. Wanneer jy twyfel of jy iets mag doen, vra eers.
5. Klop aan toe deure en luister of iemand antwoord voor jy ingaan.
6. Sê dadelik ekskuus wanneer jy in iemand vasloop.
7. Wanneer 'n grootmens jou vra om iets te doen – moenie kla nie.
8. Moenie opmerkings maak oor 'n ander mens se lyf nie, tensy dit 'n kompliment is.
9. Moet nooit iemand spot nie.
10. Hou jou hand voor jou mond wanneer jy hoes of nies.

DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Hemelse Vader wat altyd Sy beskermende Hand oor ons skool hou en ons so ryklik seën.
- Baie dankie aan ons positiewe ouergemeenskap, wees verseker ons waardeer u.
- Dankie aan ons pragtige personeel en kinders julle gee kleur aan hierdie skool

Spreuke 5:21
'n Mens se lewe lê oop voor die Here, elke tree wat jy gee, sien Hy.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
LEIERSKAP (2022)
www.laerskoolelspark.co.za